

Sondagskool 2

Lestitel: Die geboorte van Jesus Christus

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les: **“Die geboorte van Jesus Christus”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Die geboorte van Jesus Christus
Bybelwoord	Lukas 2: 1-7 en Mattheus 1: 18-25
Lesdoelwit	Die kinders leer dat Jesus op aarde gebore is en dat Hy die Seun van God is.

Lesopsomming:

● Maria en Josef was verloof, maar voordat hulle getrou het, het Maria uitgevind dat sy 'n baba sou kry deur die Heilige Gees.

● Toe Josef agterkom dat Maria 'n baba gaan hê, beplan hy om die verlowing privaat te verbreek, omdat hy Maria nie in die openbaar wou verneder nie.

● 'n Engel verskyn in 'n droom aan hom en sê: “Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.”

● Toe Josef wakker word, het hy met Maria getrou soos die engel vir hom gesê het.

● Destyds het die Romeinse keiser, Augustus, beveel dat 'n volkstelling van die hele Romeinse Ryk moet plaasvind.

● Israel was deel van die Romeinse ryk en daarom is almal beveel om na hul familie-tuisdorp te gaan om te registreer.

● Dit het vir Maria en Josef 'n lang vermoeiende reis van Nasaret na die stad Betlehem beteken, aangesien hulle albei afstammelinge van koning Dawid was.

● Maria se baba sou binnekort gebore word.

● Toe hulle in Betlehem aankom was die dorp vol, want baie mense het gekom om te registreer.

● Maria en Joseph het 'n herberg gesoek om te oornag, maar daar was geen kamers beskikbaar nie, en hulle het dus in 'n skuiling vir diere oornag.

● Daardie nag het Maria haar eerste seun gebaar.

● Sy het hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergesit.

● Maria en Josef het verheug na hul kind, die Seun van God en die Verlosser van die wêreld, gekyk.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Die Here Jesus is op aarde gebore en Hy is die Seun van God.
- Deur die geboorte van Jesus betoon God sy liefde vir ons.
- God het sy belofte van 'n Verlosser nagekom en sy Seun gestuur om ons te red.

Die geboorte van Jesus het aan die wêreld groot vreugde verskaf, omdat ons Verlosser gebore is. Onthou op Kersdag dat Jesus die beste geskenk is wat ons nog ooit ontvang het. Hy is God se gawe van liefde aan ons.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Waarom moes Maria en Josef na hul tuisdorp gaan?

Antwoord: Hulle moes vir die sensus gaan registreer.

2. Wat was die naam van hul tuisdorp?

Antwoord: Bethlehem

3. Waarvandaan moes hulle reis om na hul tuisdorp te gaan?

Antwoord: Nasaret

4. Wat het Maria met Jesus gedoen nadat Hy gebore is?

Antwoord: Sy het die baba in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag, Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel, Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien, En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei, Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen

'n Gebed na die les:

Liewe Vader in die hemel, ek dank U dat U ons vandag beskerm het en dat daar geen ongeluk gebeur het terwyl ons gespeel het nie., Laat ons almal lekker slaap en gee môre weer 'n pragtige dag., Help my asseblief op skool en dat ek goed met my vriende oor die weg sal kom en nie met hulle sal baklei nie., Wees altyd met mamma en pappa.

Seën ons stamapostel, apostels en al ons diensknegte en beskerm hulle op hul reise.

Help al u kinders, veral die siekes. Kom gou en neem ons almal huis toe. In Jesusnaam. Amen.